

Antjie Krog se Afrikaanse vertaling van Tom Lanoye se Koningin Lear – Danie Stander

"Antjie Krog se Afrikaanse vertaling van die Belgiese dramaturg Tom Lanoye se drama Koningin Lear (2015) – 'n verwerking van William Shakespeare se tragedie – word in 2019 in Afrikaans op die planke gebring en in dieselfde jaar deur Protea Boekhuis uitgegee.

Krog se vertaling van hierdie teks het nog min akademiese aandag ontvang, maar is wel prolifies geresenseer. In hierdie verband beklemtoon kritici (met gemengde gevoelens) Krog se lokaliserende vertalersaanslag en hierdie referaat ondersoek twee sodanige aspekte van Krog se vertaalstrategieë.

Eerstens besin ek oor Krog se invoeging van obseniteite, veral in die dialoog van die titelkarakter. Ek redeneer dat Krog berekend omgaan met haar verkrassing van die bronteks in beide haar besluit om die vloekwoorde te vermeerder én haar keuse van die betrokke vloekwoorde. Ek toon aan hoe Krog se gebruik van obseniteite die bronteks se klem op gender ondersteun en in ooreenstemming is met haar eie digterlike gemoedheid met vroulikheid.

Tweedens ontleed ek Krog se strategie om die karakter Oleg se dialoog te vermeng. Waar Oleg se spreekbeurt in Lanoye se teks meestal van Engelse leenwoorde ontdaan is, praat Krog se Oleg 'n vermenging van Engels en Afrikaans. Die effek hiervan is meervoudig, en ek besin oor die maniere waarop Krog met hierdie vertaalstrategie Lanoye se teks terselfdertyd (en paradoksaal) nader bring aan die Shakespeariaanse oerbron sowel as die postkoloniale (Suid-)Afrikaanse doeltaalgemeenskap.

Met my fokus op Krog se lokaliserende vertaalbenadering benut ek Hans Vermeer se vertaalkundige handelingsteorie ("action theory") wat in talle opsigte Stanley Fish se resepsieteorie eggo. My beskrywing van Krog se eiesoortige vertaalpoëtika word ook gebaseer op Gideon Toury se hantering van die term performance wat 'n intermediêre vlak tot Ferdinand de Saussure se langue en parole-aksis daarstel."